

# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 81e Uitgawe 26 Februarie 2016  
saam met Koersvas 81

## EK GLO IN (EEN) GOD

Beide geloofsbelijdenisse begin met die eenvoudige stelling “ek/ons glo in (een) God”. Die versoeking sou wees om onproblematisies van hierdie belydenis aan te beweeg na die eerste (wat baie sien as) beskrywende term.

Hierdie eerste belydenis impliseer soveel meer. Dit is eintlik vanselfsprekend indien in ag geneem word dat die *Apostolicum* en *Niceanum* opsommings is van ons geloof. Die vraag is daarom na die betekenisvelde van ons belydenis dat ons glo in (een) God.

In die Niceense belydenis vind ons die woord wat deur die *Apostolicum* geïmpliseer word naamlik *unum - ἕνα - EEN*.

In hierdie woord is die monoteïsme opgesluit wat deel van die geheimenis van die Triniteit uitmaak. Hierdie God is een in wese, drie in persone. Vergelyk gerus hierdie konsep met die belydenis vernoem na Athanasius wat onder ander stel: *Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer, sonder om die persone te vermeng of die wese te deel. Want die persoon van die Vader is 'n ander, dié van die Seun is 'n ander, dié van die Heilige Gees is 'n ander. Tog het die Vader en die Seun en die Heilige Gees een Godheid, gelyke eer en gelyke ewige heerlikheid.*

Hierdie konsep van een God word aan die begin gestel om daardeur enige panteon van gode uit te sluit. Net soos die woord ‘een’ deur die *Apostolicum* impliseer word, word die woord ‘God’ ook verder in die teks veronderstel. In

ons moderne manier van skryf sou ons ‘n dubbelpunt na die woord ‘God’ moes inskryf.

Ons bely dat daar ‘n God is, net een God is en dat hierdie een God geken kan word in drie persone. Die dubbelpunt skryf ons in om aan te dui dat ons nou gaan uitbrei op die openbaring.

Inteendeel, selfs die konsep van ‘ek/ons glo’ word later in die teks stilswyend veronderstel. Die *Apostolicum* begin nie die gedeelte oor Jesus Christus met die woorde ‘ek glo’ nie, maar begin wel die gedeelte oor die Heilige Gees met ‘n volgende *Credo*. Daarteenoor vind ons dat die *Niceanum* begin met *Πιστεύομεν – Credimus* – Ons glo. Die res van die teks staan onder die woord *Credo/Credimus*. Alles daarna is sake van geloof, selfs al sal ons later sien dat daar onderskeid getref word tussen glo ‘in’ en net ‘glo’.

Hierdie geloof in die (een) God is geloof in Vader, Seun en Heilige Gees. Ons sou teen die aard van die kort belydenis in, elke gedeelte kon begin met ‘*Credo in Deum*’.

Die slaggat van hierdie benadering is dat ons dan die gevaar staan om die Triniteit op te breek en drie gode te aanbid en nie die Drie-Enige God nie. Deur net een keer die woord ‘Deum’ te gebruik midde in die Triniteitstruktuur van die belydenis, word gelyk die goddelikheid en die eenheid van Vader, Seun en Heilige Gees ingesluit.



Karl Barth stel dat die Apostolicum begin met 'n beslissende stelling van geloof in een God. Hierdie geloof word in drie onderverdeel. Die opvallende is dat daar nie gespekuleer of gepostuleer word nie, daar word in geloof iets oor GOD bely. God is totaal anders en is daarom nie by uitbreiding van nadenke of voortborduur van menslike denke of ervaring te vind nie. Menslike denke, hoe hoog of spekulatief dit ook al mag wees, bly onwerkbaar, onvrugbaar en daarom onvervulde afgodediens.

Ons geldige spreke oor God begin nie by eie nadenke of ervarings nie. God word nie deur ons ontdek of ontwerp nie. God kom na ons, van buite die sisteem en breek deur in hierdie sisteem in – God openbaar Homself aan ons.

Die sleutelwaarde van 'Openbaring' moet nie onderskat word nie. Ons as mense se hoogste vergulde gedagtes bly maar hersenskimme met goud oorgetrek. Ons is in hierdie werklikheid vasgevang en kan op die meeste ander dimensies verbeel met as perk ons eie verbeelding. God breek deur in hierdie werklikheid in en daarom kan ons God ken. Enige persoon wat die openbaring wil relativeer tot menslike nadenke oor die goddelike, vang die mens weer vas in hierdie verganklikheid. Deur te stel dat ons glo in God, stel ons dat God Homself in hierdie bedeling aan ons bekend gemaak het. Ons eerste woord is derhalwe antwoord. God is eerste beweger, ons reageer in geloof.

Enige God wat deur menslike denke gefabriseer word, sal begryplik wees.

God is onbegryplik en tog kan ons voorskoue van Hom ervaar.

Spreke oor God wyk terug in die aanwesigheid van die Here en word antwoord, onderwerping en belydenis. Ons spreke oor God bly taal en daarom ingeperk deur woordeskat. Ons as mense kan nie 'weet' tot hoe 'n mate ons beskrywings God van die openbaring beskryf nie. Tog glo ons dat die God van die openbaring huis taal gebruik om Homself aan ons te openbaar in die 21e eeu. Ons taalpatrone vorm luisterend en belydend. Ons oortuiging is dat die openbaring genoegsaam is om ons saligheid te verseker. Spekulasié oor God buite die openbaring om, is dwase kettery. Ons glo die Woord kom na ons en SPREEK tot ons.

Ons ken hierdie God wat in ons werklikheid tot ons kom, as die God van genade. Die openbaring is nie 'n natuurlike- of natuurverskynsel nie. Openbaring is wel histories aan te duï maar nooit histories noodwendig nie. God as die Gans ander word ook nie minder God – gekontamineer by wyse van spreke - deur Sy deurbreek in ons werklikheid in nie. Ons werklikheid word deur genade ryker en dieper gemaak omdat ons GOD kan ken via die openbaring. Ons kan nie uit onsself in God glo nie, God se openbaring maak dit moontlik. Ons kan God ken ten spyte van onsself omdat Hy kies om in genade ons aan te spreek vanuit Sy dimensie.

Teen die agtergrond van die eerste gebod moet ons stel dat hierdie belydenis van geloof in die (een)God is om alle menslike konstrukte en menslike

afgode, wysgerige postulate of bespiegelings ter syde te stel en hierdie een genadige God te dien.

Ons geloof is 'n sekerheid wat ons hele lewe anker. Ons glo nie in ons geloof of ons wysheid of ons krag of ons vermoëns nie, ons glo nie omdat ons gaan soek en kies het nie. Ons glo omdat God ons gekies het en genadiglik Homself aan ons openbaar het. Ons kan daarom nie met God omgaan soos ons met ons eie idees omgaan nie, Hy is nie die produk van ons denke nie.

God se openbaring leer ons dat God uitsonderlik, onvergelykbaar, selfvergenoegd en onveranderlik is. Ons leer God ken in ontmoeting met God, nie deur filosofiese of spekulatiewe mistiese denke nie.

Omdat ons nie uit eie krag en mag kan uitbreek uit onsself nie, is geloof 'n dankbare ruimte waar ons met en oor God praat. Diegene wat bewerings maak dat ons God aan ons denke onderwerp deur te praat van openbaring, verstaan nie dat ons van openbaring praat in die ruimte van dankbaarheid nie. God se openbaring is nooit geopenbaardheid tot beskikking van die menslike kragspel nie. Dankbaar dink die mens na oor God wat gekies het om Homself te openbaar. Hierdie openbaring in die vlugtigheid van die woord is in ons tyd dieselfde as altyd. Saam met God se genade moet ons vashou aan God as die een wat immer goed is. Sy goedheid maak dat ons genade in openbaring ontvang. God se openbaring is goedheid wat ons ruk uit hierdie beperkte kluis en die heerlikheid van die ewigheid aan ons toon.

God se goedheid as rede agter die openbaring wys daarop dat dit by God nie gaan om standpunte en doelwitte nie. God se genade kom in liefde tot ons in ongekende goedheid.

Daar is reeds vele male na die Woord en die woord verwys. God se openbaring - goedheid, genade en liefde – kom in die Boek na vore. Die Bybel is God se instrument van keuse in terme van openbaring. 'Ek/Ons glo' se totale inhoud is daarom af te lei uit dit wat in die Bybel staan.

Die andersheid van God moet nooit buite rekening gelaat word nie- God is Heilig. Ons het nie na Sy werklikheid deurgebreek nie, Hy het in liefde gekies om ons dimensie te kom verruim. God as die Heilige een is aanduiding van die respek wat ons moet toon in ons praat en dink oor God.

Credimus in **unum Deum**,  
Patrem omnipotentem,  
factorem coeli et terrae,  
visibilium omnium et  
invisibilium.

1. Credo in **Deum**  
Patrem  
omnipotentem,  
Creatorem caeli et  
terrae,